Legal Aid Board

Skakelkomitee

Gerrit Grobler SC
Voorsitter
Pretoria-Balie

MET die voortslepende veranderings wat in die regshulpsisteem plaasvind, het die Pretoria-Balie gevind dat dringende skakeling op baie kort kennisgewing met toenemende frekwensie gedoen moet word. Nuwe en/of voorgestelde fooieskale word informeel aangekondig vir kommentaar en onmiddellike reaksie is nodig. Nuwe sisteme word in werking gestel, byvoorbeeld ten aansien van die vorige pro deo-sake, en haakplekke in die toepassing van nuwe sisteme ontstaan. Ook hiervoor is onmiddellike skakeling soms nodig.

As gevolg van hierdie probleme en besluite wat deur die Regshulpraad geneem word sonder inagneming of raadpleging van die Balie, het ek in my hoedanigheid as voorsitter van die Pretoria-Balie op 31 Mei 1996 'n gesprek met die direkteur van die Regshulpraad gevoer waaruit die totstandkoming van 'n skakelkomitee voortgespruit het. Dit bestaan uit drie lede van die Pretoria-Balie en drie lede van die Regshulpraad se personeel, met byvoeging van die voorsitter van die Balieraad en die direkteur van die Regshulpraad wanneer beginselbesluite ter sprake is.

Die doel van die skakelkomitee is drieërlei:

- Om as besprekingsforum te dien vir enige aangeleenthede waaroor besluite geneem staan te word, hetsy deur die Pretoria-Balie hetsy deur die Regshulpraad ten einde te bewerkstellig dat die twee instansies wedersyds insette lewer voordat enige besluite geneem word wat die belange van die instansies wedersyds raak;
- ten einde praktiese probleme wat die Pretoria-Balie aan die een kant en die Regshulpraad aan die ander kant ondervind met betrekking tot fooie en ander aangeleenthede, te bespreek; en
- ten einde 'n direkte en vinnige skakeling met die advokateberoep soos verteenwoordig deur die Algemene Balieraad te bewerkstellig.

Die Algemene Balieraad het op sy jaarvergadering in Julie 1996 besluit dat:

- die skakelkomitee van die Pretoria-Balie ook optree as 'n skakeling met die Algmene Balieraad ten aansien van spoedeisende aangeleenthede wat tussen vergaderings van die Regshulpraad opduik; en
- die vermelde skakelkomitee en die voorsitter die verteenwoordiger van die Algemene Balieraad op die Regshulpraad te alle tye ingelig hou van verwikkelinge wat die advokateberoep as sodanig raak.

Decentralised payments

THE Legal Aid Board is drawing up a list of practitioners who will participate in the scheme and will simultaneously obtain certified information regarding their banking details.

A simplified instruction form which will also constitute a statement of account, with a bar code, will be issued as an instruction to any legal practitioner under the scheme. Once the legal practitioner has completed the work, the account will be certified by the judge's registrar in the supreme court and by the clerk of the criminal court in the regional court. The legal practitioner who appeared has the responsibility of ensuring such certification.

The account form must be returned to the Legal Aid Board. As certification has taken place little processing is required, but the Legal Aid Board must satisfy itself on the correctness of the fees charged and disbursements claimed. The instruction will be confirmed by virtue of the bar code and payment will be effected directly through electronic debit procedures. It is intended that payment be effected within four days of receipt of the account by the board.

From Steuart & Francis *Queen's Counsel* (London)